Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 46: 15 MEI 2015

DIE TUISTE VAN WENNERS?

Framesby is 'n paar jaar gelede in die media gekritiseer vir die slagspreuk op die hokkie-telbord wat lui: "Tuiste van Wenners". Een van die beswaardes het ons van onsensitiwiteit beskuldig omdat "almal nie wenners kan wees nie."

Almal KAN egter 'n wenner wees, want einigiemand kan 'n "loser" wees! 'n "Loser" het geen ambisie nie, geen ruggraat nie, aanvaar sy lot gedweë en wend geen poging aan om sy lot enigsins te verbeter nie. Framesby is beslis nie die plek vir "losers" nie!!

'n Wenner weet in die eerste plek dat hy of sy vir ewig sal lewe, want daar is 'n Belofte om aan vas te hou. 'n Wenner maak nie staat op tweede kanse nie. 'n Wenner speel om te wen. 'n Wenner handel alle take tot die beste van sy of haar vermoë af. 'n Wenner laat niemand in die steek nie. As 'n wenner die dag wen, is dit met groot nederigheid, en as hy of sy die dag verloor, is dit met ook met groot nederigheid. 'n Wenner aanvaar volle verantwoordelikheid vir sy of haar talente en vermoëns, en soek nooit verskonings nie. 'n Wenner soek nie erkenning nie, en gee eerder as om te ontvang. 'n Wenner weet hy of sy is niks sonder 'n Groter Krag nie.

Moeilik om 'n wenner te wees? Beslis nie. Dis egter 'n keuse! Hierdie skool bied jou soveel geleenthede, gryp dit net aan. Niemand wil 'n "loser" wees nie, maar dan moet jy begin glo en WEET jy's 'n wenner. Sluit aan by die talle Framesby-leerders wat reeds die wen-lewenspad stap. Breek met middelmatigheid en verras jouself deur in die oortreffende trap te LEEF en te werk. Net wenners kan die lewe werklik geniet. Hoe lyk dit met jou?

Robor voorsien pawiljoen

robor
steel, tube and pipe

Die plaaslike tak van 'n nasionale maatskappy wat onder andere in die oprigting van steierwerk ("scaffolding") spesialiseer, Robor, het op tasbare wyse by ons sport betrokke geraak en goedgunstiglik 'n tydelike pawiljoen wat 200 mense kan huisves aan die noordelike kant van die A-veld opgerig. Hulle het ook 'n platform agter die klein pawiljoen opgerig vanwaar video-opnames gemaak kan word. Ons is bevoorreg dat Robor ons hierdie guns doen, en wil hulle ook op hierdie wyse opreg bedank. Die pawiljoen kan deur enigeen gebruik word, maar sekere areas sal op wedstryddae vir afrigters, die personeel en die eerstespan afgebaken word.

PROE-AAND
5 Junie

Wyn van 10 verskillende kelders, whiskey van 8 distilleerderye, nuwe bier-soorte, sap, en olywe !!!!!

Kaartjies: R100 by Algemene Kantoor

Fondse ten bate van die 1ste Dogtershokkiespan

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Mioné de Koning 9A
Frans Krause 10E

Sondag
Carlo Jonck 9E
Jennifer Kleinhans 9E
Twané van Niekerk 9C
Talisha Windwaai 8B

Maandag
John Daniels 9D
Mareli Emiljo 10A
Franco Hay 10A
Anzia van Heerden 11E

Dinsdag
Juan Cumberlege 12A
Monique Venter 11G

Woensdag
Ruan Geyer 12H
Tuané Meyer 12H

Donderdag
Tayla du Plessis 11F
Charl van Greunen 10G

Vrydag
Wihan Odendaal

PRESTASIES EN UITSLAE

RUGBYSPELERS MAAK GROOT NAAM!

Dis met baie groot trots dat ons kan aankondig dat altesaam 9 van ons rugbyspelers die OP vanjaar op die rugbyveld gaan verteenwoordig.

Hierdie spanne is aangewys na afloop van die Meyer Sauerman-toernooi wat die afgelope naweek gehou is. Die finale proefspanne van die stad-streek asook die Platteland het daar deelgeneem.

Om in die OP-Cravenweekspan en die OP Grant Khomo-span (O/16) opgeneem te word, is 'n besondere prestasie. Spelers uit die hele OP word vir hierdie spanne oorweeg. Ons is baie trots op Carl Senyane, Viaan Wolmarans en Desmick Kleinbooi wat in die O/16-Grant Khomo-span opgeneem is, asook Ruben Pretorius, Ruben le Roux, André Lategan, Louis Strydom, Riaan van Rensburg en Malan Marais,wat almal in die OP Cravenweekspan opgeneem is. Mnr. Louis Gerber, onder wie se afrigting die OP-span in 2014 as die nie-amptelike "wenners" van die Cravenweek gekroon is, is vanjaar weer die hoofafrigter van die span. Mnr. Stefan de Klerk sal weer die kondisionerings-afrigter van die span wees. Ons beste wense vergesel julle manne! Julle het GROOT voetspore om te vul. Baie geluk, en hou Framesby se naam hoog!

Landloop-aflosspan hou ons naam hoog!

Soos altyd was ons Landlopers weer in groot getalle op hul pos tydens die aflos-byeenkoms wat verlede week by Framesby gehou is. Die toewyding en entoesiasme wat hierdie atlete openbaar is voorwaar 'n inspirasie vir die res van ons. Framesby het groot waardering vir julle harde werk!

Ons spanne het baie goed gevaar en ons dogterspan op die foto hiernaas het 2de geeïndig. Hulle is Lara de Bloe, Chané Petzer, Vicky Oelofse en Briget Hart. Ons seunspan en gemengde span was ook 2de. Baie geluk!

Al ons spanne het Woensdag aan 'n liga-byeenkoms, wat by Pearson aangebied is, deelgeneem. Die uitslag was ongelukkig nog nie beskikbaar nie, en ons sal volgende week volledig daaroor berig.

WILANIE GAAN STEEDS VAN KRAG TOT KRAG!

Wilanie van Zyl, ons uithaler tennisspeelster, het verlede naweek die EP Mini 4 Vroue-Ope gewen. Sy het in die semi-finaal die nommer 1 van Collegate, Asleigh Garish, met 6-0 en 6-0 gewen. Daarna het sy in die finaal teen die nommer 1 van Pearson, Kaylin Bouwer te staan gekom, en haar in 'n titaniese stryd met 6-4 en 7-6 geklop. Dit was die tweede maal binne 'n maand dat Wilanie met Kaylin afgereken. Wilanie is ook gekies om OP Seniors tydens die naweek van die 18de Junie teen die SWD te verteenwoordig. Pragtige prestasie, Wilanie. Framesby is voorwaar bevoorreg om met jou te kan spog!

PASOP NEDERLAND! SASKIA IS OP PAD!

'n Besondere eer het een van ons Graad 9-dogters, Saskia Westraad, te beurt geval deurdat sy gekies is om Suid-Afrika in Junie in Vlissingen, in Nederland, te verteenwoordig. Sy sal daar deelneem aan die vyfde World JKA Karate Association World Championships.

Dis 'n WONDERLIKE prestasie, Saskia, en ons is ongelooflik trots op jou. Ons plaas graag volgende week 'n foto van jou in aksie. Ons weet dat jy jou land met trots gaan verteenwoordig en hou styf duim vas!

NOG PRESTASIES EN BROKKIES

JUAN EN ANEL SPAN DIE KROON!

Veels geluk aan Anel Gerber en Juan Cumberlege wat verlede Saterdagaand tydens 'n luisterryke geleentheid aangewys is as Mej. Framesby 2015 en Mnr. Framesby 2015. Hier is hulle te sien met die Eerste en Tweede Prinsesse en Prinse. Van links na regs: Tineta Gerber, Darnell Levack, Anel Gerber, Juan Cumberlege, Tommie Adlam en Sean Els. Dankie aan al die ander deelnemers, aanbieders en dansers wat dit 'n onvergeetlike geleentheid gemaak het.

GROOT UITTOG NA DIE PAARL HIERDIE NAWEEK!

Baie sterkte aan al ons Netbal-, Rugby- en Dogtershokkiespanne wat hierdie naweek in die Paarl teen La Rochelle en Boland Landbou deelneem! Speel met die kenmerkende Framesby gees en geniet dit gate uit. Gee die Paarl iets om te onthou!!



Die hele groep sal Saterdagaand die Superrugby-wedstryd tussen die Stormers en die Rebels op Nuweland bywoon, waarna hulle na Port Elizabeth terugkeer. Die busse behoort nie voor 07:00 Sondagoggend in Port Elizabeth te arriveer nie. Veilig ry!

GHOLFDAG

TEN BATE VAN FRAMESBY GHOLF
DATUM: 30 MEI
BAAN: LITTLE WALMER
ALLE FRAMESBY GHOLFSPELERS EN GHOLFSPELENDE VRIENDE WELKOM

KOM ONDERSTEUN ONS! PRYSE TE WEN! INSKRYWING R150
INSKRYWINGS BY KLUB: 041 581 1613

MB-OMGEEPROJEK

Die Omgeeprojek is hierdie kwartaal ten bate van Shephard's Field.
Elke klas word gevra om ten minste 2 sakkies met die volgende items in te skenk:
Mans-deoderant, 2 pakkies 2 minute noodles, 'n pakkie koekies, 'n blokkie seep, 'n blik koffie en 'n pakkie suiker.

Die klas wat die meeste ingesamel het sal 'n prys wen. Alle bydraes kan by die MB-lokaal ingehandig word. Onthou asb. om die Graad en Klasseksie op alle pakkies aan te dui.

'n IETSIE VIR DIE SIEL

Die krag van versoeking

DAAR is 'n punt waar 'n mens nog vir 'n versoeking nee kan sê. As jy dit nie doen nie, laat jy die vyand jou vesting binnekom en raak jy betrokke in 'n ongelyke stryd waarin jou kanse uiters gering is om te oorwin. 'n Versoeking is vergelykbaar met 'n virus waardeur ons aangetas word. 'n Mens vra nie daarvoor nie. Jy leef in 'n wêreld vol kieme, en dit is feitlik onvermydelik dat jy van die kieme sal opdoen. Dan begin die stryd tussen die liggaam en die virus, en die vraag is of die liggaam die infeksie kan afskud of daardeur besmet gaan word. Die groot verskil is egter dat 'n infeksie deur 'n virus as 'n biologiese besmetting oor ons kom waaraan ons meestal geen morele skuld het nie. Maar in die geval van 'n versoeking is ons verantwoordelikheid van die begin af in die spel. Of dit van ons hart besit gaan neem, word bepaal deur die manier waarop ons daarop reageer. Jakobus skryf in sy brief dat die mens gelukkig is wat in versoeking standvastig kan bly. Versoekings kom op elke mens se pad, maar of 'n versoeking vir iemand tot 'n verleiding word, hang daarvan af of dit aansluiting vind by die sondige begeertes wat in hom is en daardeur aangespoor word om daarop in te gaan (Jak. 1:12). Versoekings doen 'n beroep op begeertes wat in ons sondige natuur aanwesig is. Die begeertes roep om bevrediging en probeer om ons mee te sleep. As 'n mens toegee aan die begeertes wat in jou ontwaak, word die sonde gebore en voltrek sy dodelike rypingsproses in jou lewe (vs. 14-15). Die kritieke punt lê dus by ons reaksie op die roepstem van ons eie begeertes. Op daardie moment kan ons nog nee sê vir 'n versoeking. Ons is nie 'n willose prooi van 'n infeksie wat homself met biologiese wetmatigheid in ons voltrek nie. Ons is verantwoordelike mense wat die drange van ons hart moet onderskei en beheer. Ons kan deur Gods genade versoekings afwys en ontvlug. Paulus skryf aan die Korintiërs dat geen bomenslike versoekings op hul weg gekom het nie. God is getrou en sal nie toelaat dat hulle bokant hul kragte versoek word nie (1 Kor. 13:10). Versoekings kan nie met ons maak wat hulle wil nie. Wie sy toevlug tot God neem, sal vind dat God die krag gee om versoekings te weerstaan. Wat ons van God moet vra, is die vermoë om versoekings as versoekings te herken en te hanteer. Die gevaar is dat ons verblind word om versoekings as geleenthede te sien wat God op ons weg bring om geluk of sukses te kan smaak. Die duiwel fluister baiekeer vir mense dat God hierdie groot nuwe liefde of hierdie geleentheid om vinnig ryk te word, op hul weg bring. In plaas daarvan om die leuen te herken laat selfs Christene hulle bekoor deur die soet geur van die verleiding. Maar op die ou end brand dit soos vuur.

Uit *Die Burger* 21 Januarie 1989

Goed om jou vlerke te sprei!

Dit is so dat enige mens of instansie soms belangrike besluite moet neem. Dié besluite kan die toekomstige sukses van 'n instansie bepaal. Daar moet beslis deurlopend op dié besluite voortgebou word en hulle moet in die toekoms ge-evalueer word. Daar is egter ongetwyfeld 'n stadium wat jy bereik waar daar beslis 'n keuse gemaak móét word.

Ons skool vertrek Vrydag Paarl toe. Ja, meer as 500 leerlinge en onderwysers sprei hulle vlerke Kaapstad toe. Dit is TE duur, TE tydrowend, TE kompeterend, TE … TE … TE. So sal 'n groot groep mense redeneer!

Feit bly staan. In die anale van die Hoërskool Framesby sal dié rit af Kaap toe as 'n baanbreker-ervaring onthou word. So onthou ek my eerste toernooi in die Paarl 'n klomp jare gelede, waar almal daar met ons Engels wou praat. Dit was seker maar die voorstad se naam Framesby, wat hulle verwar het! Vir 500 toekomstige oudskoliere van die Hoërskool Framesby sal hierdie naweek se ervaring vir altyd onthou word! Dalk kom van hulle vir die eerste en enigste maal op Nuweland. (Net jammer dat die Bulle nie Saterdag daar speel nie!!)

SO SAL KAAPSTAD, EN DALK UITEINDELIK DIE HELE SUID AFRIKA, VAN HOËRSKOOL FRAMESBY KENNIS NEEM!

BOEMELAARSDANS

BAIE DANKIE AAN AL DIE OUERS WAT DIE BOEMELAARSDANS BYGEWOON HET OF 'N BYDRAE TOT DIE SUKSES VAN DIE DANS GEMAAK HET!